				<p>"oorspronklike toerustingkomponente " beteken komponente indeelbaar in Hoofstuk 98 van Bylae No. 1.</p> <p>"ru-stowwe" beteken stowwe nie na grotte of vorm gesny nie en nie opgemaak geskik vir gebruik nie.</p> <p>"geregistreeerde persoon" beteken 'n persoon geregistreer onder hierdie item.</p> <p>"regulasie" beteken regulasies gemaak ingevolge artikel 59 van die Wet op Internasionale Handelsadministrasie No. 71 van 2002.</p> <p>"gespesifiseerde motorvoertuie" beteken -</p> <p>(a) padtrekkers of leunsleepwaens van subpos 8701.20 met 'n voertuigmassa van hoogstens 1 600 kg;</p> <p>(b) motorvoertuie vir die vervoer van tien of meer persone, met inbegrip die bestuurder, van pos 87.02, met 'n voertuigmassa van hoogstens 2 000 kg (uitgesonderd dié van subpos 8702.10.10);</p> <p>(c) motorkarre (met inbegrip van stasiewaens) van pos 87.03;</p> <p>(d) motorvoertuie vir die vervoer van goedere van pos 87.04 met 'n voertuigmassa van hoogstens 2 000 kg of 'n B.V.M. van hoogstens 3 500 kg of met 'n massa van hoogstens 1 600 kg of met 'n B.V.M. van hoogstens 3 500 kg per onderstel toegerus met 'n kajuit (uitgesonderd rolbodemwaens en lae-konstruksie vlamvaste voertuie vir gebruik in ondergrondse myne en veldbosblokvrugmotors); en</p> <p>(e) onderstelle toegerus met enjins van pos 87.06, met 'n massa van hoogstens 1 600 kg en met 'n B.V.M. van hoogstens 3 500 kg (uitgesonderd dié vir rolbodemwaens en laekonstruksie vlamvaste voertuie vir gebruik in ondergrondse myne en veldbosblokvrugmotors).</p> <p>"die Wet" beteken "die Wet" soos in afdeling 1 van die Doeane- en Aksynswet No. 91 van 1964 omskryf.</p> <p>"VMLTT " beteken die volgende persentasies van die waarde vir VMLTT doeleindes:</p> <p>Sal gestel word teen 35% van die plaaslike inhoud vir OTV volumes bo 10 000 eenhede jaarliks oor 'n vier kwartale rollende total vanaf 2026</p> <p>(a) 40 persent in 2021</p> <p>(b) 39 persent in 2022</p> <p>(c) 38 persent in 2023</p> <p>(d) 37 persent in 2024</p> <p>(e) 36 persent in 2025, en</p> <p>(f) 35 persent in 2026</p> <p>"waarde vir VMLTT doeleindes" beteken die waarde, soos voorgeskryf in Opmerking 7.1 bepaal, van alle gespesifiseerde motorvoertuie ooreenkomstig hierdie item gelewer gedurende 'n kwartaal en gereed is vir verkope.</p> <p>2. Registrasie</p> <p>2.1 Applikante kragtens hierdie item moet 'n goedkeuringsbrief van IHAK saam met die aansoek voorlê wat kwalifisering vir deelname bevestig.</p> <p>3. Voorlegging van rekening</p> <p>3.1 Geregistreeerde persone wat kragtens hierdie item geregistreer is, moet rekeninge as volg voorlê:</p> <p>(a) 'n Kwartaallikse rekening (DA 199) aan die SAID doeanekantoor in watter gebied van beheer die perseel geregistreer is, en enige doeanereg en addisionele BTW verreken by daardie kantoor binne 30 dae vanaf die sluitingsdatum van die verrekeningsperiode, maar nie later nie as die voorlaaste amptelike werksdag wat volg op die drie maande periode waartydens die sluitingsdatum van die rekening voorkom.</p> <p>(b) Vir doeleindes van hierdie item is die verrekeningsperiode vier periodes van drie maande elk, wat elke jaar op 1 Januarie begin.</p> <p>(c) Die geregistreeerde persoon is nie geregtig op die uitstel van betaling van addisionele BTW behalwe die 30 dae soos voorsien in (a) hierbo nie.</p> <p>3.2 Wanneer die geregistreeerde persoon bewus word van 'n fout op die rekening wat voorgelê is, moet die geregistreeerde persoon so gou as wat redelikerwys moontlik is, die rekening wysig deur -</p> <p>(a) voltooiing van 'n vorm (DA 199A) vir die kwartaal wat geaffekteer word deur die wysiging;</p>	

(vervolg)

Kortingitem	Tarifpos	Kortingkode	TS	Beskrywing	Mate van Korting
				<p>(b) aanpassing van alle vorms wat deur die wysiging geaffekteer is;</p> <p>(c) voorlegging aan die SAID doeanekantoor soos genoem in Opmerking 3.1(a), van vorm (DA 199A), aangepaste vorms en deur betaling van enige doeaneregte en addisionele BTW tesame met 'n verduideliking van die redes vir die wysiging.</p> <p>4. Oorspronklike toerustingkomponente ingevoer deur die geregistreerde persoon</p> <p>4.1 Die geregistreerde persoon moet alle oorspronklike toerustingkomponente vir die vervaardiging van gespesifiseerde motorvoertuie onder Hoofstuk 98 van Bylae No. 1 klaar.</p> <p>4.2 Alle dergelike oorspronklike toerustingkomponente moet -</p> <p>(a) tydens invoere onder prosedurekode "Plasing van goedere onder die 'Verwerking vir Binnelandse Gebruik' prosedure geklaar word; of</p> <p>(b) indien tydens invoere geklaar vir opslag, en opgeslaan in 'n gelisensieerde doeane- en aksynsopslagpakhuis, voor die verwydering van goedere, geklaar word vir gebruik onder prosedurekode "Verwerking vir Binnelandse Gebruik" van goedere, tevore onder "Opslag" prosedure geplaas; en</p> <p>(c) wanneer geklaar soos bedoel in paragrawe (a) en (b), BTW betaal op die waarde vir doeaneregdoeleindes asof 'n "volle reg" mate van korting van toepassing is.</p> <p>4.3 Die waarde vir doeaneregdoeleindes van alle oorspronklike toerustingkomponente moet in die kwartaal ingesluit word waartydens sodanige onderdele geklaar was onder die prosedure kode "Verwerking vir Binnelandse Gebruik".</p> <p>5. Oorspronklike toerustingkomponente aan die geregistreerde persoon verskaf</p> <p>5.1 'n Geregistreerde persoon moet, verseker en bewys lewer, indien vereis, dat die vorm C2 deur die verskaffer van oorspronklike toerustingonderdele voltooi , die korrekte ingevoerde komponentwaarde verklaar.</p> <p>(a) Die ingevoerde komponentwaarde op die Vorm C2 deur 'n SADU verskaffer voltooi en deur die geregistreerde persoon ontvang gedurende 'n kwartaal moet in die daaropvolgende kwartaal vermeld word, ongeag of dit alreeds in die produksie gebruik of betaal is; en</p> <p>(b) Die ingevoerde komponentwaarde op die Vorm C2 moet deur die geregistreerde persoon afgetrek word in die kwartaal wanneer die oorspronklike toerusting komponente -</p> <p>(i) in oorspronklike toerustingkomponente geïnkorporeer en uitgevoer word;</p> <p>(ii) in die vervaardiging van gespesifiseerde motorvoertuie gebruik en uitgevoer word;</p> <p>(iii) na onderdele- en bybehore-afdeling oorgeplaas word; of</p> <p>(iv) onder doeanetoesig vernietig word.</p> <p>5.2 (a) Die geregistreerde persoon is aanspreeklik vir enige onderbetaalde doeanereg en addisionele BTW voortspruitend uit die onderverklaring van ingevoerde komponentwaarde op die Vorm C2.</p> <p>(b) Indien IHAK enige wysiging aan Vorm C2 rapporteer, moet die kwartaallikse rekening waarmee dit verband hou, soos nodig gewysig word om aan die gerapporteerde wysiging gevolg te gee, met inbegrip die betaling van enige doeanereg en BTW verskuldig.</p> <p>(c) Indien Vorm C2 nie verkry of behoorlik voltooi is nie, word die prys waarteen die oorspronklike toerustingonderdele deur die geregistreerde persoon gekoop is, geag die ingevoerde komponentwaarde van die oorspronklike toerustingkomponente te wees.</p> <p>(d) Enige verkeerde inligting op Vorm C2 voorsien kan die hele dokument nil en ongeldig verklaar en mag tot gevolg hê dat die aankoop prys beskou word om die ingevoerde komponentewaarde te wees.</p> <p>6. Bepaling van die waarde vir reg en addisionele BTW</p> <p>6.1 Bepaling van die waarde vir die berekening van doeanereg en addisionele BTW op oorspronklike toerustingkomponente ingevoer deur die geregistreerde persoon:</p> <p>(a) die waarde vir doeaneregdoeleindes van die oorspronklike toerustingkomponente onder Hoofstuk 98 geklaar gedurende 'n kwartaal, minus die waarde vir doeaneregdoeleindes van die oorspronklike toerustingkomponente -</p> <p>(i) in onoopgemaakte houers of eenheidsladingsstoestelle, met dien verstande dat die waarde vir doeaneregdoeleindes van sodanige onderdele in ongeopende houers of eenheidsladingsstoestelle as 'n openingsbalans na die volgende kwartaal oorgedra sal word;</p>	

- (ii) gebruik in die vervaardiging van oorspronklike toerustingkomponente en aan ander geregistreerdes ingevolge hierdie kortingitem verskaf;
 - (iii) gebruik in die vervaardiging van spesifieke motorvoertuie en uitvoer;
 - (iv) gebruik in die vervaardiging van oorspronklike toerustingkomponente en uitvoer;
 - (v) teruggestuur aan die buitelandse verskaffer;
 - (vi) oorgeplaas na die onderdele- en bybehore-afdeling; en
 - (vii) onder doeanetoesig vernietig.
- (b) Indien die aftrekkings in subparagrafe (i) tot (vii) gespesifiseer die waarde vir doeaneregdoeleindes van oorspronklike toerustingkomponente oorskry moet die waarde verminder word na nul.
- (c) Vir doeleindes van Opmerkings 6.1(a)(iii) en (iv) mag die geregistreerde persoon enige oorskotwaarde vir doeaneregdoeleindes van ingevoerde oorspronklike toerustingkomponente ingevoer en gebruik gedurende 'n kwartaal, oordra na-
- (i) die daaropvolgende kwartaal; en
 - (ii) sodanige verdere kwartale wat die Kommissaris in buitengewone omstandighede mag toelaat.
- 6.2 Bepaling van die waarde vir die berekening van die doeanereg en addisionele BTW op oorspronklike toerustingkomponente ontvang deur die geregistreerde persoon:
- (a) Die ingevoerde onderdelewaarde van die oorspronklike toerustingkomponente ontvang van enige persoon in SADU gedurende die vorige kwartaal minus die ingevoerde komponentwaarde van oorspronklike toerustingkomponente -
- (i) gebruik in die vervaardiging van oorspronklike toerustingkomponente en uitvoer gedurende die huidige kwartaal;
 - (ii) gebruik in die vervaardiging van gespesifiseerde motorvoertuie en uitvoer gedurende die huidige kwartaal;
 - (iii) oorgedra na die onderdele- en toebehore-afdeling gedurende die huidige kwartaal; en
 - (iv) onder doeanetoesig vernietig gedurende die huidige kwartaal.
- (b) Indien die aftrekkings, gespesifiseer in subparagrafe (i) tot (iv) die ingevoerde onderdele waarde van oorspronklike toerustingkomponente oorskry, moet die waarde verminder word na nul.
- (c) Vir doeleindes van Opmerkings 6.2(a)(i) en (ii) mag geregistreerde persone enige oorskotwaarde vir doeaneregdoeleindes van ingevoerde oorspronklike toerustingkomponente wat ingevoer is en gebruik is vir uitvoere gedurende 'n kwartaal, oordra na -
- (i) die daaropvolgende kwartaal; en
 - (ii) sodanige verdere kwartale wat die Kommissaris in buitengewone omstandighede mag toelaat.

7. Aftrekkings

7.1 Die waarde vir VMLTT doeleindes vir enige kwartaal is -

- (a) in die geval van die gespesifiseerde motorvoertuie vir die SADU mark vervaardig, die voorgestelde kleinhandelsprys (met inbegrip van opsies) (met uitsluiting van BTW, aksynsreg ingevolge Afdeling B by Deel 2 van Bylae No. 1 en die omgewingheffing ingevolge Afdelings D en E by Deel 3 van Bylae No. 1) van toepassing op sodanige motorvoertuie by tye van produksie en gereed vir verkope; of
- (b) in die geval van gespesifiseerde motorvoertuie uitvoer buite die SADU, die "prys vry aan boord" soos bedoel in artikel 72 van die Wet;
- (c) minus, met betrekking tot elkeen van paragrawe (a) en (b), 'n MSP op 'n kwartaallikse basis.
- (d) minus alle ingevoerde inhoud.

7.2 'n Geregistreerde persoon mag nie die VMLTT ontvang nie; of is nie geregtig om die VMLTT te gebruik vir die kwartaal waarvoor die rekening voorgelê word nie, mits 'n MSP deur IHAK bepaal is.

7.3 Die VMLTT van gespesifiseerde motorvoertuie moet geklaar word -

(vervolg)

Kortingitem	Tariefpos	Kortingkode	TS	Beskrywing	Mate van Korting
				<p>(i) as die "prys vry aan boord waarde" in die kwartaalike rekening waartydens uitvoer plaasgevind het, op vorm DA 199.04B; en</p> <p>(ii) die voorgestelde kleinhandelsprys genoem in paragraaf (a) op vorm DA 199.02.</p> <p>7.4 IHAK moet die Kommissaris in kennis stel van enige wysiging tot 'n MSP wat tot gevolg het dat die kwartaalike rekening gewysig moet word.</p> <p>7.5 Die Kommissaris mag, in geval van enige model waarvoor 'n voorgestelde kleinhandelsprys soos bedoel in paragraaf 7.1 nie beskikbaar is nie, 'n waarde bepaal ingevolge artikel 69(3) van die Wet.</p> <p>7.6 Die VMLTT in enige kwartaal moet waar van toepassing, gebruik word om die waarde soos ingevolge Opmerking 6.1 en 6.2 bereken, te verminder.</p> <p>7.7 "Oorskot VMLTT " word as volg bereken:</p> <p>(a) Die balans van enige oorskot VMLTT oorgedra vanaf die vorige kwartaal;</p> <p>(b) minus enige oorskot VMLTT gebruik vir hierdie kwartaal onder item 460.17;</p> <p>(c) plus die VMLTT vir hierdie kwartaal;</p> <p>(d) minus die VMLTT gebruik om die aanspreeklikheid van regs bereken ingevolge Opmerking 8.1(d) vir hierdie kwartaal in berekening te bring.</p> <p>7.8 Enige oorskot VMLTT mag gebruik word om die waarde vir doeaneregdoeleindes vir gespesifiseerde motorvoertuie ingevoer onder item 460.17 in die volgende kwartaal op voorwaarde dat -</p> <p>(a) voorafgaande skriftelike goedkeuring sal van die Kommissaris verkry word vir die gebruik van sodanige voorskot VMLTT;</p> <p>(b) die waarde van die oorskot VMLTT verminder word met 20 persent wanneer dit gebruik word vir ingevoerde ten volle opgeboude motorvoertuie; en</p> <p>(c) die oorblywende balans van enige oorskot VMLTT die openingsbalans in die volgende kwartaal is.</p> <p>7.9 Die VMLTT of enige oorskot VMLTT is nie verhandelbaar of oordraagbaar nie.</p> <p>7.10 'n PKS mag slegs gebruik word-</p> <p>(a) deur 'n geregistreerde persoon of ander invoerders in wie se naam die sertifikaat uitgereik is, om aansoek te doen vir korting soos omskryf in artikel 75 of 'n terugbetaling soos omskryf in artikel 76 van die Wet.</p> <p>7.11 Die persoon in wie se naam die PKS uitgereik is, is aanspreeklik vir enige teenstrydighede, vir watter rede ookal, in die aansoek vir die PKS wat kan lei tot die uitreik van 'n foutiewe sertifikaat en bly aanspreeklik vir die doeanereg asof geen korting toegelaat word nie.</p> <p>8. Mate van korting</p> <p>8.1 Die berekening van die waarde om die mate van korting te bepaal is -</p> <p>(a) die waarde vir doeaneregdoeleindes van ingevoerde oorspronklike toerustingkomponente bereken ingevolge Opmerking 6.1;</p> <p>(b) plus die ingevoerde komponentwaarde van oorspronklike toerustingkomponente ontvang van enige persoon in SADU bereken ingevolge Opmerking 6.2;</p> <p>(c) plus die VMLTT berekening ingevolge Opmerking 7.3(b) (Vorm DA 199.02);</p> <p>(d) minus die VMLTT gebruik ingevolge Opmerking 7.1 vir hierdie kwartaal; en indien enige aanspreeklikheid oorbly;</p> <p>(e) minus die waarde vir PKS's totdat die waarde na nul verminder is.</p> <p>8.2 Die mate van korting waarvoor in hierdie item voorsiening gemaak word mag nie die doeanereg betaalbaar by klaring van ingevoerde goedere onder Hoofstuk 98 van Bylae No. 1 oorskryf nie.</p> <p>8.3 Indien enige aanspreeklikheid oorbly na berekening ingevolge Opmerking 8.1, moet die doeanereg en addisionele BTW in berekening gebring word.</p>	

(vervolg)

Kortingitem	Tariefpos	Kortingkode	TS	Beskrywing	Mate van Korting
				<p>9. Nakoming</p> <p>9.1 Die geregistreerde persoon of komponent verskaffer moet, soos van toepassing, voldoen aan -</p> <p>(a) hierdie kortingitem, kortingitems 317.06 en 317.07 van Bylae No. 3, kortingitem 460.17 van Bylae No. 4 en terugbetalingitems 536.00, 537.00 en 538.00 van Bylae No. 5 en die Opmerkings daarby;</p> <p>(b) Artikel 75 en enige ander voorsienings van die Wet;</p> <p>(c) die regulasies;</p> <p>(d) die riglyne; en</p> <p>(e) enige voorskrifte uitgereik deur die Kommissaris en IHAK.</p> <p>10. Oorgangs Opmerkings:</p> <p>10.1 Die waarde vir doeaneregdoeleindes van enige ingevoerde oorspronklike toerustingskomponente in onoorgemaakte houers of eenheidsladingstoestelle oorgedra van die MPOP fase I sal verklaar word in die eerste kwartaal van die 2021 MPOP fase II rekening as 'n openingsbalans op vorm DA 199.10.</p> <p>10.2 Die geregistreerde persoon se berekening van die buitelandse valuta gebruik van oorspronklike toerustingskomponente en buitelandse valuta gebruik ingevolge die 2021 MPOP van voertuie en sertifikaat DA 190 sal beskikbaar wees vir inspeksie deur die Kommissaris.</p> <p>10.3 In gevalle waar komponente nie gekoppel kan word aan 'n sertifikaat DA 190 deur middel van 'n unieke identifikasie nommer of merk nie, sal die "eerste in – eerste - uit" beginsel geld om die buitelandse valuta gebruik te bepaal ingevolge die MPOP per kwartaal.</p> <p>10.4 Enige oorskot VMT oorgedra van kwartaal 2 van MPOP rekening mag gebruik word om die waarde vir doeaneregdoeleindes te verminder van oorspronklike toerustingskomponente ingevoer en ingevoerde komponent waarde van oorspronklike toerustingskomponente ontvang van enige persoon in SADU as 'n openingsbalans in kwartaal 3 van MPOP Fase 2 rekening op vorm DA199.03.</p> <p>10.5 Enige oorskot VMT oorgedra van kwartaal 2 van MPOP rekenings gebruik vir die invoer van voertuie ingevolge kortingitem 460.17 sal afgetrek word op vorm DA199.03 in kwartaal 3 van MPOP Fase 2 rekening.</p> <p>10.6 PKKS mag gebruik word op vorm DA199.06 B om die waarde vir doeaneregdoeleindes te verminder van oorspronklike toerustingskomponente ingevoer en ingevoerde komponent waarde van oorspronklike toerustingskomponente ontvang van enige persoon in SADU bereken ingevolge Opmerkings 6.1 en 6.2 onderskeidelik, nadat enige oorskot VMT en VMLTT gebruik was.</p> <p>10.7 IHAK mag addisionele oorgangs Opmerkings deur 'n kennisgewing in die Staatskoerant publiseer.</p>	

Deur die invoeging van die volgende:


Kortingitem	Tarifepos	Kortingkode	TS	Beskrywing	Mate van Korting
317.04	98.01	01.04	43	Oorspronklike toerustingkomponente vir die vervaardiging van padtrekkers vir leunsleepwaens van subpos 8701.20 met 'n voertuigmassa van hoogstens 1 600 kg	Volle reg min die reg betaalbaar op die waarde bereken ingevolge Opmerking 8.1
317.04	98.01	02.04	48	Oorspronklike toerustingkomponente vir die vervaardiging van motorvoertuie vir die vervoer van tien of meer persone, met inbegrip die bestuurder, van pos 87.02 met 'n voertuigmassa van hoogstens 2 000 kg (uitgesonderd dié van subpos 8702.10.10)	Volle reg min die reg betaalbaar op die waarde bereken ingevolge Opmerking 8.1
317.04	98.01	03.04	42	Oorspronklike toerustingkomponente vir die vervaardiging van motorkarre (met inbegrip stasiewaens) van pos 87.03	Volle reg min die reg betaalbaar op die waarde bereken ingevolge Opmerking 8.1
317.04	98.01	04.04	43	Oorspronklike toerusting komponente vir die vervaardiging van motorvoertuie vir die vervoer van goedere van pos 87.04 met 'n voertuigmassa van hoogstens 2 000 kg of 'n B.V.M. van hoogstens 3 500 kg of met 'n massa van hoogstens 1 600 kg of met 'n B.V.M. van hoogstens 3 500 kg per onderstel toegerus met 'n kajuit (uitgesonderd motorvoertuie van subpos 8704.10, rolbodemwaens en lae konstruksie vlamvaste voertuie vir gebruik in ondergrondse myne en veldbosblokvragmotors)	Volle reg min die reg betaalbaar op die waarde bereken ingevolge Opmerking 8.1
317.04	98.01	05.04	41	Oorspronklike toerustingkomponente vir die vervaardiging van motorvoertuie vir die vervoer van goedere van pos 87.04 met 'n voertuigmassa van hoogstens 2 000 kg of 'n B.V.M. van hoogstens 3 500 kg of met 'n massa van hoogstens 1 600 kg of met 'n B.V.M. van hoogstens 3 500 kg per onderstel toegerus met 'n kajuit (uitgesonderd rolbodemwaens en lae-konstruksie vlamvaste voertuie vir gebruik in ondergrondse myne en veldbosblokvragmotors)	Volle reg min die reg betaalbaar op die waarde bereken ingevolge Opmerking 8.1
317.06	00.00	07.00	04	<p>Motorvoertuigkomponente vir gebruik in die vervaardiging van oorspronklike toerustingkomponente soos omskryf in Hoofstuk 98 van Bylae No. 1 vir verskaffing aan 'n gespesifiseerde motorvoertuigvervaardiger wat onder kortingitem 317.04 geregistreer is, ingevoer deur komponentvervaardigers goedgekeur deur die Internasionale Handelsadministrasiekommissie. Met dien verstande dat –</p> <p>(i) sodanige komponentvervaardiger 'n kwartaalike opgawe aan die Kontroleur voorlê ten opsigte van alle goedere wat onder hierdie kortingitem geklaar is, tesame met 'n skedule gestaaf deur afskrifte van 'n lys van komponente wat die werklike aantal motorvoertuigkomponente wat in die vervaardiging van 'n spesifieke oorspronklike toerusting komponent gebruik is, aandui en die werklike aantal oorspronklike toerusting komponente wat vervaardig is asook die hoeveelheid van elke oorspronklike toerusting komponente wat aan 'n motorvoertuigvervaardiger verskaf is;</p> <p>(ii) (ii) die kwartaalike opgawe moet gestaaf word deur verklarings van motorvoertuigvervaardigers aan wie sodanige komponente verskaf is, met spesifieke verwysing na die onderdeelnommers, beskrywing en hoeveelheid ontvang ten opsigte van elke onderdeelnommer gedurende dieselfde tydperk; en</p> <p>(iii) (iii) die verklarings deur die motorvoertuigvervaardigers gesertifiseer is deur 'n doeane- en aksysbeampte</p> <p>OPMERKING:</p> <p>1. Vir doeleindes van hierdie item het enige uitdrukking waaraan 'n betekenis ingevolge item 317.04 geheg is, dieselfde betekenis, tensy dit uit die samehang anders blyk.</p>	Volle reg

Kortingitem	Tariefpos	Kortingkode	TS	Beskrywing	Mate van Korting
317.06	00.00	06.00	07	<p>Motorvoertuigkomponente vir gebruik in die vervaardiging van oorspronklike toerustingkomponente soos omskryf in Hoofstuk 98 van Bylae No. 1 vir verskaffing aan 'n swaarvoertuigvervaardiger wat onder kortingitem 317.07 geregistreer is, ingevoer deur komponentvervaardigers, goedgekeur deur die Internasionale Handelsadministrasiekommissie.</p> <p>Met dien verstande dat -</p> <p>(i) sodanige komponentvervaardiger 'n kwartaallikse opgawe aan die Kontroleur voorlê ten opsigte van alle goedere wat onder hierdie kortingitem geklaar is, tesame met 'n skedule gestaaf deur afskrifte van 'n lys van komponente wat die werklike aantal motorvoertuigkomponente wat in die vervaardiging van 'n spesifieke oorspronklike toerusting komponent gebruik is, aandui en die werklike aantal oorspronklike toerusting komponente wat vervaardig is asook die hoeveelheid van elke oorspronklike toerusting komponente wat aan 'n motorvoertuigvervaardiger verskaf is;</p> <p>(ii) die kwartaallikse opgawe moet gestaaf word deur verklarings van motorvoertuigvervaardigers aan wie sodanige komponente verskaf is, met spesifieke verwysing na die onderdeelnommers, beskrywing en hoeveelheid ontvang ten opsigte van elke onderdeelnommer gedurende dieselfde tydperk; en</p> <p>(iii) die verklarings deur die motorvoertuigvervaardigers gesertifiseer is deur 'n doeane- en aksynsbeampte.</p> <p>OPMERKING: 1. Vir doeleindes van hierdie item het enige uitdrukking waaraan 'n betekenis ingevolge item 317.03 vir MPOP I en item 317.04 vir MPOP II geheg is, dieselfde betekenis, tensy dit uit die samehang anders blyk.</p>	Volle reg

**CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.
AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 4 (NO. 4/2/377)**

NO. R. 553

In terms of section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, Part 2 of Schedule No. 4 to the said Act is hereby amended, **with effect from 1 July 2021**, to the extent set out in the Schedule hereto.


DR DAVID MASONDO

DEPUTY MINISTER OF FINANCE

SCHEDULE

By the deletion of the following:

Rebate Item	Tariff Heading	Rebate Code	CD	Description	Extent of Rebate
460.17	87.00	03.02	26	<p>Motor vehicles classifiable under subheadings 8701.20.10, 8702.10.81, 8702.10.85, 8702.10.87, 8702.90.81, 8702.90.85, 8702.90.87, 8703.21.90, 8703.22.90, 8703.23.90, 8703.24.90, 8703.31.90, 8703.32.90, 8703.33.90, 8703.90.90, 8704.21.81, 8704.21.83, 8704.31.81, 8704.31.83, 8704.90.81, 8704.90.83, 8706.00.05 and 8706.00.15 entered on or before 31 December 2015 for the purposes of this item, specified by the International Trade Administration Commission, by means of a certificate:</p> <p>Provided that the application for such certificate shall not be considered by the International Trade Administration Commission, unless the applicant -</p> <p>(a) proves that he or she is a manufacturer of specified motor vehicles registered in terms of Chapter 98 or an automotive component manufacturer which is contracted to supply automotive components to a manufacturer of specified motor vehicles;</p> <p>(b) has submitted a business plan on or before 31 December 2009 in respect of a project to invest in productive assets, with a view to producing specified motor vehicles or automotive components of sufficient quality, quantity and at competitive prices to supply to the common customs area and international markets in line with the guidelines issued by the International Trade Administration Commission; and</p> <p>(c) has proved to the satisfaction of the International Trade Administration Commission that the project will contribute to the achievement of the overall objectives of the Government's Motor Industry Development Programme.</p> <p>NOTES:</p> <p>1. Productive assets include the following: Buildings erected for the sole purpose of manufacturing specified motor vehicles or automotive components, and new or unused plant, machinery, tooling, jigs, dies and moulds, in-plant logistics, testing, design and production IT equipment and supporting software. The duty which may be rebated is calculated as follows: A total of 20 per cent of the value of the productive assets approved by the International Trade Administration Commission for purposes of this rebate provision, but limited to 4 per cent per annum up to 31 December 2014, thereafter a PAA certificate issued for any remaining amount of Productive Asset Allowance value to be valid to 31 December 2015.</p> <p>2. The International Trade Administration Commission may impose further conditions without prior notice, and the certificate or amended certificate shall be forwarded directly to the Commissioner for retention by him or her.</p>	Full duty less the duty in Section B of Part 2 of Schedule No. 1

SOUTH AFRICAN REVENUE SERVICE

25 June 2021

STAATSKOERANT, 25 JUNIE 2021

No. 44759 39

By the insertion of the following:

Rebate Item	Tariff Heading	Rebate Code	CD	Description	Extent of Rebate
460.17	00.00	04.00	06	Automotive components for specified motor vehicles, as defined in rebate item 317.04 or heavy motor vehicles as defined in Note 1 to rebate item 317.07, classifiable in tariff subheadings 4011.10, 4011.20, 4012.11, 4012.12, 4016.99.20, 5911.90.20, 6813.20.10, 6813.81.10, 7007.11, 7007.21, 7009.10, 8302.30, 84.09, 8415.20, 8418.99.40, 8421.23.30, 8421.31.50, 8421.39.20, 8421.99.66, 8483.30.55, 84.84, 8507.10, 85.11, 85.12, 8536.30.20, 8536.61.20, 8536.69.30, 8536.90.20, 8537.10.20, 8539.10, 8539.21.20, 8539.29.45, 8544.30, 8544.4, 87.07, 87.08 and 9401.20	Not exceeding the duty applicable to such goods in Part 1 of Schedule No. 1 reduced to the extent of the amount reflected on the PRC
460.17	8701.20	03.06	62	Road tractors for semi-trailers	Not exceeding the duties calculated in terms of the Notes to this rebate item
460.17	87.02	03.04	43	Motor vehicles for the transport of ten or more persons	Not exceeding the duties calculated in terms of the Notes to this rebate item
460.17	87.03	05.04	49	Motor cars (including station wagons) of heading 87.03	Not exceeding the duties calculated in terms of the Notes to this rebate item
460.17	87.04	03.04	46	Motor vehicles for the transport of goods of heading 87.04 (excluding motor vehicles of subheading 8704.10)	Not exceeding the duties calculated in terms of the Notes to this rebate item
460.17	87.06	03.04	49	Chassis fitted with engines of heading 87.06 (excluding those for motor vehicles of subheading 8704.10)	Not exceeding the duties calculated in terms of the Notes to this rebate item


By the substitution of the following:

Rebate Item	Tariff Heading	Rebate Code	CD	Description	Extent of Rebate
460.17				<p>VEHICLES, AIRCRAFT, VESSELS AND ASSOCIATED TRANSPORT EQUIPMENT</p> <p>NOTES:</p> <p>1(a) For the purposes of rebate items 460.17/00.00/03.00, 460.17/8701.20/02.06, 460.17/87.02/02.04, 460.17/ 87.03/03.04, 460.17/87.04/02.04 and 460.17/87.06/02.04 unless the context indicates otherwise, any expression to which a meaning has been assigned in item has 317.03 has the meaning so assigned.</p> <p>(b) For the purposes of these rebate items the extent of rebate "not exceeding the duty as calculated in terms of the Notes to this rebate item" means the customs duty payable and must be calculated on a value determined as follows:</p> <p>(i) The value for customs duty purposes of specified motor vehicles imported less the value of any excess volume assembly allowances as calculated in the quarterly account of a manufacturer of specified motor vehicles (as defined in rebate item 317.03) and less the value of a production rebate credit certificate.</p> <p>(ii) For the purposes of paragraph (i) above the value of the excess volume assembly allowance and the value of a production rebate credit certificate shall be reduced by 20 per cent if the rebate is used to import specified motor vehicles. No adjustment shall, however, be made if the production rebate credit certificate was issued in respect of specified motor vehicles produced fitted with engines and gearboxes.</p> <p>2. (a) For the purposes of rebate items 460.17/00.00/04.00, 460.17/8701.20/03.06, 460.17/87.02/03.04, 460.17/87.03/05.04, 460.17/87.04/03.04 and 460.17/87.06/03.04 unless the context indicates otherwise, any expression to which a meaning has been assigned in item 317.04 has the meaning so assigned.</p> <p>(b) For the purposes of these rebate items the extent of rebate "not exceeding the duty as calculated in terms of the Notes to this rebate item" means the customs duty payable on a value determined as follows:</p> <p>(i) The value for customs duty purposes of specified motor vehicles imported less the value of any excess Volume Assembly Localisation Allowance (VALA) as calculated in the quarterly account of a manufacturer of specified motor vehicles (as defined in rebate item 317.04).</p> <p>(ii) For the purposes of paragraph (i) above the value of the excess VALA shall be reduced by 20 per cent if the rebate is used to import specified motor vehicles.</p> <p>(c) After reducing the value for customs duty purposes by utilizing the VALA calculated in terms of 2(b)(i) the customs duty may be reduced to the extent of the amount reflected on the Production Rebate Certificate.</p> <p>3. These Notes are only applicable to the ordinary duty specified in Part 1 of Schedule No. 1.</p>	

**DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.
WYSIGING VAN BYLAE NO. 4 (NO. 4/2/377)**

Kragtens artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 2 van Bylae No. 4 by bogenoemde Wet hiermee gewysig, **met ingang vanaf 1 Julie 2021**, in die mate in die Bylae hierby aangetoon.

BYLAE


DR. DAVID MASONDO
ADJUNKMINISTER VAN FINANSIES

Deur die skrapping van die volgende:

Kortingitem	Tariefpos	Kortingkode	TS	Beskrywing	Mate van Korting
460.17	87.00	03.02	26	<p>Motorvoertuie wat onder subposte 8701.20.10, 8702.10.81, 8702.10.85, 8702.10.87, 8702.90.81, 8702.90.85, 8702.90.87, 8703.21.90, 8703.22.90, 8703.23.90, 8703.24.90, 8703.31.90, 8703.32.90, 8703.33.90, 8703.90.90, 8704.21.81, 8704.21.83, 8704.31.81, 8704.31.83, 8704.90.81, 8704.90.83, 8706.00.05 en 8706.00.15 resorteer, wat voor of op 31 Desember 2015 vir die doeleindes van hierdie item geklaar is, soos gespesifiseer deur die Internasionale Handelsadministrasiekommissie by wyse van 'n sertifikaat:</p> <p>Met dien verstande dat die aansoek vir sodanige sertifikaat nie deur die Internasionale Handelsadministrasiekommissie oorweeg sal word nie, tensy die applikant-</p> <p>(a) bewys lewer dat hy of sy 'n vervaardiger van gespesifiseerde motorvoertuie is, wat kragtens Hoofstuk 98 geregistreer is, of 'n vervaardiger van motorvoertuigkomponente is wat gekontrakteer is om motorvoertuigkomponente aan 'n vervaardiger van gespesifiseerde motorvoertuie te voorsien;</p> <p>(b) 'n besigheidsplan in verband met 'n projek wat belê in produktiewe komponente voor of op 31 Desember 2009 ingedien het, met die doel om gespesifiseerde motorvoertuie of motorvoertuigkomponente van genoegsame kwaliteit, kwantiteit en teen kompeterende pryse te voorsien aan die gemeenskaplike doeanegebied en internasionale markte ooreenkomstig voorskrifte uitgereik deur die Internasionale Handelsadministrasiekommissie; en</p> <p>(c) tot die bevrediging van die Internasionale Handelsadministrasiekommissie bewys het dat die projek 'n bydrae sal lewer tot die bereiking van die algehele doelwit van die Staat se Motormywerheidontwikkelingsprogram.</p> <p>OPMERKINGS:</p> <p>1. Produktiewe bates sluit die volgende in: Geboue opgerig vir die uitsluitlike doel om gespesifiseerde motors of motorvoertuigkomponente te vervaardig, asook nuwe of ongebruikte aanlegte, masjinerie, gereedskap, horrelpype, matryse en vorms, in-aanleg logistieke, proef-, ontwerp- en produksie IT toerusting en ondersteunende sagteware, te vervaardig. Die reg wat gekort kan word, word as volg bereken: 'n Totaal van 20 persent van die waarde van die produktiewe bates deur die Internasionale Handelsadministrasiekommissie goedgekeur vir die doel van hierdie kortingvoorsiening, maar beperk tot 4 persent per jaar tot 31 Desember 2014, daarna 'n PBT sertifikaat uitgereik vir enige oorblywende bedrag van Produktiewe Bate Toelae waarde, geldig tot 31 Desember 2015.</p> <p>2. Die Internasionale Handelsadministrasiekommissie mag verdere voorwaardes sonder vooraf kennisgewing instel, en die sertifikaat of gewysigde sertifikaat moet onmiddellik aan die Kommissaris gestuur word vir bewaring deur hom of haar.</p>	Volle reg min die reg in Afdeling B van Deel 2 van Bylae No. 1

Deur die invoeging van die volgende:

Kortingitem	Tariefpos	Kortingkode	TS	Beskrywing	Mate van Korting
460.17	00.00	04.00	06	<p>Motorvoertuigonderdele vir gespesifiseerde motorvoertuie, soos omskryf in kortingitem 317.03 of swaar motorvoertuie soos omskryf in Opmerking 1 by kortingitem 317.07, indeelbaar in tariefposte 4011.10, 4011.20, 4012.11, 4012.12, 4016.99.20, 5911.90.20, 6813.20.10, 6813.81.10, 7007.11, 7007.21, 7009.10, 8302.30, 84.09, 8415.20, 8418.99.40, 8421.23.30, 8421.31.50, 8421.39.20, 8421.99.66, 8483.30.55, 84.84, 8507.10, 85.11, 85.12, 8536.30.20, 8536.61.20, 8536.69.30, 8536.90.20, 8536.10.20, 8539.10, 8539.21.20, 8539.29.45, 8544.30, 8544.4, 87.07, 87.08 en 9401.20</p>	Hoogstens die reg van toepassing op sodanige goedere in Deel 1 van Bylae No. 1 bereken op die waarde wat op die PKKS aangedui is

Deur die invoeging van die volgende:


Kortingitem	Tariefpos	Kortingkode	TS	Beskrywing	Mate van Korting
460.17	8701.20	03.06	62	Padtrekkers vir leunsleepwaens	Hoogstens die reg bereken kragtens die terme van die Opmerkings by dié kortingitem
460.17	87.02	03.04	43	Motorvoertuie vir die vervoer van minstens tien persone	Hoogstens die reg bereken kragtens die terme van die Opmerkings by dié kortingitem
460.17	87.03	05.04	49	Motorkarre (met inbegrip van stasiewaens) van pos 87.03	Hoogstens die reg bereken kragtens die terme van die Opmerkings by dié kortingitem
460.17	87.04	03.04	46	Motorvoertuie vir die vervoer van goedere (uitgesonderd motorvoertuie van subpos 8704.10)	Hoogstens die reg bereken kragtens die terme van die Opmerkings by dié kortingitem
460.17	87.06	03.04	49	Onderstelle met enjins toegerus van pos 87.06 (uitgesonderd die van motorvoertuie van subpos 8704.10)	Hoogstens die reg bereken kragtens die terme van die Opmerkings by dié kortingitem

Deur die vervanging van die volgende:

Kortingitem	Tariefpos	Kortingkode	TS	Beskrywing	Mate van Korting
460.17				<p>VOERTUIE, VLIEGTUIE, VAARTUIE EN VERWANTE VERVOERTOERUSTING:</p> <p>OPMERKINGS:</p> <p>1.(a) Vir doeleindes van hierdie item het enige uitdrukking waaraan 'n betekenis ingevolge item 317.03 of 317.04 geheg is, dieselfde betekenis, tensy dit uit die samehang anders blyk .</p> <p>(b) Vir die doeleindes van hierdie kortingitem beteken die mate van korting "hoogstens die reg bereken kragtens die Opmerkings by die item" dat die doeanereg betaalbaar bereken moet word op 'n waarde wat soos volg bepaal word:</p> <p>(i) Die waarde vir doeaneregdoeleindes van motorvoertuie ingevoer minus die waarde van enige oorskot volume monteringstoelaag soos bereken in die kwartaallike rekening van 'n vervaardiger van gespesifiseerde motorvoertuie (soos omskryf in kortingitem 317.03 of 317.04) en minus die waarde van 'n produksiekortingsertifikaat.</p> <p>(ii) Vir die doeleindes van paragraaf (i) hierbo moet die waarde van die oorskot volume monteringstoelaag en die waarde van 'n produksiekortingsertifikaat met 20 persent verminder word indien die korting gebruik word vir die invoer van gespesifiseerde motorvoertuie. Geen aanpassing sal egter gedoen word indien die produksiekortingsertifikaat uitgereik was ten opsigte van gespesifiseerde motorvoertuie vervaardig met enjins en ratkaste toegerus is.</p> <p>2. (a) Vir die doeleindes van kortingitems 460.17/00.00/04.00, 460.17/8701.20/03.06, 460.17/87.02/03.04, 460.17/ 87.03/05.04, 460.17/87.04/03.04 en 460.17/87.06/03.04 het enige uitdrukking waaraan 'n betekenis ingevolge item 317.04 geheg is, dieselfde betekenis, tensy dit uit die samehang anders blyk.</p> <p>(b) Vir die doeleindes van hierdie kortingitems beteken die mate van korting "hoogstens die reg bereken kragtens die Opmerkings by hierdie kortingitem" dat die doeanereg betaalbaar bereken moet word op 'n waarde wat soos volg bepaal word:</p> <p>(i) Die waarde vir doeaneregdoeleindes van gespesifiseerde motorvoertuie ingevoer minus die waarde van enige oorskot Volume Monteringslokalisasietoelaag (VMLT) soos bereken in die kwartaallike rekening van 'n vervaardiger van gespesifiseerde motorvoertuie (soos omskryf in kortingitem 317.04).</p> <p>(c) Na vermindering van die waarde vir doeaneregdoeleindes deur gebruik van die VMLT soos bereken ingevolge 2(b)(i) mag die doeanereg vermindere word in die mate van die bedrag op die Produksie Kortingsertifikaat.</p> <p>3. Hierdie Opmerkings is slegs van toepassing op die gewone reg in Deel 1 van Bylae No. 1 gespesifiseer.</p>	

**CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.
AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 1 (NO. 1/1/1671)**

In terms of section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, Part 1 of Schedule No. 1 to the said Act is hereby amended, **with effect from 1 July 2021**, to the extent set out in the Schedule hereto.


DR DAVID MASONDO
DEPUTY MINISTER OF FINANCE


SCHEDULE

By the substitution of Note(s) 5 and 8 in Chapter 98 of Section XXII to Part 1 of Schedule No. 1 with the following:

- 5.
- (a) Original equipment components for motor vehicles enumerated under heading 98.01 shall not include automotive components of which -
 - (i) the floor panels, body sides or roof panels are permanently attached to each other (except in the case of cabs for road tractors for semi-trailers of a vehicle mass exceeding 1 600 kg, for motor vehicles for the transport of goods of a vehicle mass exceeding 2 000 kg and a G.V.M. exceeding 3 500 kg and for chassis fitted with cabs of a mass exceeding 1 600 kg and a G.V.M. exceeding 3 500 kg in which case the cabs may be assembled and trimmed);
 - (ii) the engine and transmission assemblies, axles, radiators, suspension components, steering mechanisms, braking or electrical equipment or instrumentation are fitted to such floor pans or chassis frames; and
 - (iii) the bodies/cabs are fitted to floor pans or chassis frames (except in the case of vehicles of a mono-built construction of a vehicle mass exceeding 2 000 kg).
 - (b) Original equipment components for specified motor vehicles as defined in rebate item 317.03 or 317.04 destined for assembly outside the borders of the Republic, must be in the form of kits that have untrimmed painted bodies with no parts assembled to the body.
8. For the purposes of this Chapter "automotive components" means a new article which can be identified as being suitable for use in the manufacture of motor vehicles manufactured under rebate items 317.03 or 317.04 and 317.07 or original equipment components, including carpet cut to floorpan shape, leather seat covers cut to size, unfinished articles, including blanks and rough castings, having the essential character of automotive components.

**DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.
WYSIGING VAN BYLAE NO. 1 (NO. 1/1/1671)**

Kragtens artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 1 van Bylae No. 1 by bogenoemde Wet hiermee gewysig, **met ingang vanaf 1 Julie 2021**, in die mate in die Bylae hierby aangetoon.


DR DAVID MASONDO
ADJUNKMINISTER VAN FINANSIES

BYLAE

Deur Opmerking(s) 5 en 8 in Hoofstuk 98 van Afdeling XXII by Deel 1 van Bylae No. 1 deur die volgende te vervang:

- 5.
- (a) Oorspronklike toerustingkomponente vir motorvoertuie genoem onder pos 98.01 sal nie motorvoertuigkomponente insluit nie waarvan -
 - (i) die vloerplate, sypanele of dakpanele permanent aan mekaar geheg is nie (behalwe in die geval van kajuite vir padtrekkers vir leunsleepwaens met 'n voertuigmassa van meer as 1 600 kg, vir die vervoer van goedere met 'n voertuigmassa van meer as 2 000 kg en 'n B.V.M. van meer as 3 500 kg en vir onderstelle met kajuite toegerus met 'n massa van meer as 1 600 kg en 'n B.V.M. van meer as 3 500 kg, in welke geval die kajuite gemonteer en met bekleedsel toegerus mag wees);
 - (ii) die enjin- en transmissiemonteerings, asse, verkoelers, veringstelsel, stuurmeganismes, rem of elektriese toebehore of instrumentasie geheg is aan sulke vloerplate of onderstelrame; en
 - (iii) die bakke/kajuite aan vloerpanele of onderstelrame geheg is (behalwe in die geval van voertuie met 'n eenheidsgeboude konstruksie met 'n voertuigmassa van hoogstens 2 000 kg).
 - (b) Oorspronklike toerusting komponente vir gespesifiseerde motorvoertuie soos omskryf in kortingitem 317.03 of 317.04, bestem vir montering buite die grense van die Republiek, moet in die vorm van monterestelle met onafgewekte gevefde bakwerke wees met geen onderdele aan die bakwerk gemonteer nie.
8. Vir die doeleindes van hierdie Hoofstuk beteken "motorvoertuigkomponente" 'n nuwe artikel wat uitgeken kan word as geskik vir gebruik in die vervaardiging van motorfietsse en motorvoertuie vervaardig onder kortingitem 317.03 of 317.04 en 317.07 of oorspronklike toerustingkomponente, insluitende tapyt tot vloerpanvorm gesny, leersitplekoortreksels na grootte gesny, onverwerkte artikels, insluitende rustukke en ru-gietstukke wat die wesentlike aard van motorvoertuigkomponente het.

NO. R. 554

SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS

25 Junie 2021

STAATSKOERANT, 25 JUNIE 2021

No. 44759 45